VAK: AFRIKAANS HUISTAAL

VRAESTEL 1

Afdeling 1: Algemene oorsig van leerder prestasie in die vraestel as 'n geheel

MODERERING:

Uit die skrifte wat gemodereer is tydens die nasiensessie, is 'n analise gedoen op 100 van hierdie skrifte.

34 van hierdie leerders het tussen 40% en 60% behaal; 48 leerders het tussen 70% en 80% behaal en 18 leerders het 90% en hoër, waarvan die hoogste 97% was, behaal.

Indien die verskillende vrae met mekaar vergelyk word, is daar geen korrelasie tussen Vraag 1 en Vraag 2 met Vraag 3 nie. Die tendens, waar die vraag oor Taal aansienlik swakker beantwoord word as die vrae oor Leesbegrip en die Opsomming, is nie nuut nie, maar wel kommerwekkend.

Dit blyk egter dat die onderrig ten opsigte van Vraag 1 en Vraag 2 verbeter het en dat onderwysers aandag gee aan die voorstelle wat deur die eksamenpaneel gemaak word.

Afdeling 2: Kommentaar ten opsigte van kandidate se prestasies in individuele vrae
Vraag 1: Leesbegrip

Algemeen:

Die tekste in hierdie vraag was gebaseer op die kandidate se leefwêreld en belangstellingsvelde en daarom is die vrae goed beantwoord. Die kandidate voer opdragte uit en verdien ooreenkomstig punte.
Heel wat kandidate het gesukkel met die interpretasie van die grafiese teks en het hoofsaaklik hier punte verbeur.

Artikels, koerantberigte en grafiese tekste

Artikel

1.1 Goed beantwoord. Kandidate kom nie by **beide kante** van die antwoord uit nie, maar kan wel die ooreenkoms impliseer.
1.2 Gemiddeld. Kandidate kom nie by die **negatiewe implikasie** uit nie.
1.3 Uitstekend.
1.4 1.4.1 Uitstekend.
1.4.2 Baie goed. Goeie vertolking.
1.5 Bonuspunte.
1.6 Uitstekend. Voor die handliggende vraag.
1.7 Baie goed. Kandidate beantwoord vraag in volsin en onderstreep nie korrekte antwoord nie.
1.8 Uitstekend.

Koerantberig

1.9 Baie goed.
1.10 Baie goed. Kan afleidings maak.
1.11 Uitstekend.
1.12 Baie goed. Kandidate wat die vraag verkeerd gehad het, weet nie wat 'n respondent is nie.
1.13 Gemiddeld. Kandidate lees nie die vraag nie. 'n Land word vereis en hulle noem die inwoners omdat dit so in die teks aangedui is.
1.14 Uitstekend.

Grafiese teks

1.15 Swak. Kandidate kom nie by die antwoorde op die memorandum uit nie.
1.16 Uitstekend.
1.17 Uitstekend.
1.18 Gemiddeld. Weet nie wat die funksie van 'n "asterisk" is nie.
1.19 Gemiddeld. Kandidate wat die antwoord verkeerd het, kon nie die grafiese teks interpreteer nie.
1.20 Gemiddeld. Goeie vraag, maar kandidate kon nie grafiese teks interpreteer nie.
1.21 Gemiddeld. Kandidate kan nie die effektiewe gebruik van verskillende lettertipes interpreteer nie.
1.22 Uitstekend.

Vraag 2: Opsomming

Hierdie vraag is uitstekend deur die kandidate beantwoord. Duidelike aanduidings van onderrig in die klaskamer. Kandidate voer die opdragte op die vraestel uit.
Kandidate wat hier swak gevaar het:

- het nie die antwoord in VOLSINNE aangebied nie;
- sinne met 'n infinitief begin;
- gesegdes uit sinne weggelaat; en
- onsamehangend geskryf omdat hulle probeer om elke gedagte heeltemal in hulle eie woorde te skryf.

Vraag 3: Taal

Algemeen:
Hierdie vraag is deurgaans swak beantwoord.
Kandidate:

- se algemene taalvaardigheid en -kennis is swak;
- skryf verkeerd vanaf die vraestel – werk nie noukeurig nie;
- voer nie opdragte uit nie;
- lees nie instruksies nie;
- kan nie terminologie, soos aangedui in die NKV, toepas nie;
- se taalgebruik is duidelik beïnvloed deur sms-taal en Engelse sleng-woorde. Hulle dink dit is aanvaarbaar;
- se voorsetselgebruik is swak; en
- se sinskonstruksies is swak.

Resensie

3.1 Baie swak. Kandidate kan nie 'n persoonsnaam van "resensie" vorm nie. Heel moontlik omdat hulle nie weet wat 'n "resensent" is nie. Hulle doen resensies in Stelwerk en behoort dus die term te ken.
3.2 Uitstekend.
3.3.1 Baie goed.
3.3.2 Gemiddeld. Kandidate verstaan nie die betekenis van "gerus" as oorredingswoord binne die konteks nie.
3.4.1 Baie goed.
3.4.2 Baie goed. Goeie woordeboekgebruik.
3.5 Uitstekend.
3.6 Gemiddeld. Kandidate kan nie 'n stelsin in 'n vraagsin verander deur te begin met die hulpwerkwoord nie.
3.7 Baie swak. Gebruik van voegwoorde en korrekte sinskonstruksies. Sinskonstruksies verkeerd na die voegwoord.
3.8 Uiters swak. Kandidate kan nie sinne in die lydende vorm verander na die bedrywende vorm nie.

Strokie

3.9 Uiters swak. Spelling van **gevleuelde**. Kandidate kon nie die spelfout identifiseer nie.
3.10 Uiters swak. Term **aanwysende woord** nie aan kandidate bekend nie.
3.11 Uiters swak. Verandering van **direkte rede na indirekte rede**. Wemel van foute.
3.12 Baie goed.
3.13 Gemiddeld. Spelling van verkleiningsvorm.
3.14 Gemiddeld. Verboë vorm van woord.
3.15 Uiters swak. Kandidate ken glad nie die idioom **vlerksleep** nie.
3.16 Uiters swak. **Sinsuitbreiding** deur middel van bysinne. Kandidate het weinig begrip hiervan.
3.17 Uiters swak. Kandidate kan nie **geïmpliseerde betekenis** vanuit die teks interpreteer nie.

Advertensie

3.18 Swak. Interpretasie van **verskillende lettertipes**.
3.19 Kandidate kan nie 'n **neutrale woord** verskaf nie.
3.20 Gemiddeld. Kandidate kon nie interpreteer nie.
3.21 Gemiddeld. Spelling van intensiewe vorme: een woord.
3.22 Uiters swak. Kan nie **roer** as 'n s.nw. gebruik nie. Die woord **roer** as verouderde vorm vir geweer nie aan die kandidate bekend nie.
3.23 Gemiddeld. Kandidate ken nie trappe van vergelyking nie. Hulle weet nie watter trap is die **vergrotende trap** nie.
3.24 Gemiddeld. Kandidate ken nie die afkorting nie. Baie het gefouteer deur nie 'n punt na die **v** te plaas nie: **o.l.v** in plaas van **o.l.v.**
3.25 Gemiddeld. Gebrek aan woordeskat. Kandidate weet nie wat **lirieke** beteken nie.
3.26 Swak. Kennis van taalverskynsels is swak.

Algemene opmerkings

- Begin deur die NKV-dokument te bestudeer en neem kennis van presies wat onderrig moet word.
- Stel werkprogramme op waarin al die taalaspekte behandel word.
- Gee meer aandag aan taalonderrig in die klaskamer.
- Gee gereelde taaloefeninge.
- Speltoetse.
- Leesoefeninge in konteks.
- Gereelde inoefening van enige tipe opsomming.

Wenk: Bring 'n kopie van die vraestel saam na die Road Show. Dit sal die bespreking sinvoller maak.